

Teksgedeelte:

2 Korintiërs 12:11-21

Agtergrond:

In hierdie paar verse begin Paulus saamvat. Hy verdedig homself nie meer nie. Hy praat weer oor die saak wat aanleiding gegee het tot die skryf van hierdie brief, die geld vir die gemeente in Jerusalem. Paulus gebruik die woord bang 'n paar keer aan die einde. Dit sê baie van hom as mens. Hy is eerlik tot op die been. Paulus is 'n voorbeeld van 'n apostel wat nie 'n dissipel was nie. Hy noem homself 'n apostel van Christus. Toe die kerngroep in Jerusalem hoor wat hy onder die heidene doen, het hulle hom gevra om die vergadering van apostels in Jerusalem by te woon (Hand 15:1-12). Daar was destyds hoë verwagtinge aan apostels gestel. Die Korintiërs hou meer van die Jerusalem-apostels as van Paulus. Paulus sien homself as die gemeente se vader. Hulle sien hom nié so nie, want hy is nooit daar nie. Dit is te verstane dat hulle die rondreisende predikers met oop arms ontvang het. Hulle was ten minste iemand in lewende lywe. In aansluiting by die beeld van 'n vader hou Paulus voet by stuk: hulle sorg nie vir hom nie, hy sorg vir hulle. Paulus kan dit nie glo dat hulle hom van bedrog verdink nie. As hulle hom beter geken het, sou hulle van beter geweet het. Maar hulle ken hom nie, want hulle sien hom nie. Paulus is nie by hulle nie omdat hy baie ander ysters in die vuur het. In vers 20 Spreek Paulus gevoelens van vrees uit. Dit lyk of hy skoon van genade vergeet het! Terwyl hy homself meet, vergeet hy God meet nie. Die toets wat hy vir homself aanlê oor sy sukses, slaag hy nie. Hy is ook bang '...dat ek sal moet treur oor baie van julle wat geruime tyd al 'n sondige lewe lei en wat oor hulle onreinheid, ontug en losbandigheid nie tot berouvolle inkeer gekom het nie.' Paulus praat hier nie van seksuele losbandigheid nie, maar van mense in die gemeente wat ontrou aan God is. Paulus word bang, bang, bang omdat hy op homself fokus en nie op genade nie. Paulus wat genade verstaan en verkondig, wys hier hoe dit moeilik dit vir hóm is om genade te aanvaar.

Aktiwiteit:

Die aktiwiteit moet verkieslik in stilte gebeur.

- Laat die groep in 'n kring naby aan mekaar staan.
- Een persoon uit die groep staan in die middel van die sirkel
 - Hierdie persoon moet sy oë toemaak
 - En sy lyf baie reguit hou
 - Die groep stoot die persoon liggies van die een rand van die sirkel na die ander rand van die sirkel
- Die kring moet sterk gehou word deur almal langs mekaar te laat staan (geen gapings in die sirkel nie) en die persoon in die middel moet nie hard gestamp word nie.
- Nadat die persoon van kant na kant gestoot is vir 'n paar keer kan die groep hom versigtig op die grond laat sak (oë steeds toe).
- Die groep lig dan die middelste persoon, wat steeds sy liggaam reguit hou, bo hulle koppe en laat wieg hom weer tot onder.
- Hierdie kan met van die ander kinders in die groep ook gedoen word.

Reviewing:

Diamante:

- (Aan 'n kind wat sy oë toe gehou het) Wat het jy ervaar met jou oë toe. Beskryf aan die groep.
- (Aan die kinders in die groep) Wat het julle gesien van die persoon wat sy oë toe het.
- As julle vir iemand anders moet beskryf wat het gebeur, wat sou julle sê?

Harte:

- Hoe het dit gevoel om deur die ander in die groep rondgestoot te word.
- Wanneer het jy vantevore so gevoel?
- Wie in die groep het nog soos jy gevoel?
- As jy aan 'n sekere tipe musiek moes dink wat by die speletjie gepas het, wat sou dit wees?

Skoppens:

- Hoe sou dit gewees het as die groep iemand laat val het?
- Wat het gemaak dat jy die groep kon vertrou?
- Hoe sou jy vanoggend se teksgedeelte by die speletjie laat aansluit?

Klawers:

- Wat sou hierdie speletjie ons kon leer van God se genade?
- Het mens altyd nodig om te sien vir iets om waar te wees?
- Watter ander konstantes bestaan daar in die lewe?